menlo-insig

Die Hoërskool Menlopark · Excelsa Petamus · Sedert 1963

8/2024

# LIEWE MENLO

Nog net vier skooldae," sê 'n Parkie vir sy maat in die verbygang. Wat gebeur dan, wonder ek? Vakansie, natuurlik! Oor vier skooldae is 'n kwart van die akademiese jaar verby.

Sjoe! Waar is die tyd heen en wat het in die afgelope kwartaal op Menlo-bodem gebeur? Is die Parkies op koers om 2024 as 'n hoogtepunt in hulle geheuebank te ets?

Menlo se reis begin vanjaar vir die eerste keer in die amfi. Daar is een van 2024 se grootste hoogtepunte gevier – die verwelkoming van die nuwe graadagts. Van heinde en verre het hulle gekom om Menlo hulle heimat te maak. Die skool is trots op die manier waarop elke graad 8 hom- en haarself in tuimeltreinomstandighede handhaaf. Die pas op Menlo-bodem is vinnig, maar die aggies daag op en werk saam. Kortom, hulle bly in hulle baan.

Kort daarna het die 2023-matrieks, nou oud-Parkies, hulle uitslae ontvang. Wat 'n vreugde om hierdie baanbrekers weer te sien. Die grootmenswêreld is 'n wipwarit, maar die Parkies is toegerus, bemagtig en gereed – kom wat wil!

Interhoër is 'n landmerk wat die Parkies nie gou sal vergeet nie. Hoe is dit moontlik om in hitte en humiditeit wat die Amasone sal laat bloos, bankvas te bly sit? Waar kry die dirries hulle energie vandaan en hoe behou 'n skool skeepsreg vir 22 jaar? Die verskynsels wat op daardie dag waargeneem is, kan enige junior uit 'n ekspo-penarie red.

Die volgende landmerk is die wintersportproewe waar daar 'n proefbalans van Menlo-talent in oorvloed opgestel word. Welkom in die span. Maak jou sitplekgordel vas en geniet die kameraderie wat jy net in 'n span sal vind. Skakel die spoedbeheerknoppie af, want hier kom 'n ding!

Intussen doen die Parkies akademiese baanbereiding vir die toekoms. In die truspieël lê die boustene waarmee hulle die toekoms sal vorm. Vorentoe sluimer die wintereksamen. Hou koers, Parkies!

Tussen die wegspring en die vakansie neem die 2024-rit ons verby 'n blou tsunami van deelname en geesdrif. Parkies wat geleenthede gryp en die tyd uitkoop. Op die horison wink 'n blaaskans om die batterye te herlaai, maar nou is dit eers belangrik om die pas vir 'n oomblik te markeer om vir mekaar te sê: "Dankie vir 'n uitsonderlike kwartaal."

Die Insig sien daarna uit om die reis deur 2024 in die tweede kwartaal te hervat en wens vir elke Menlo-huis 'n rustige vakansie en 'n geseënde Paasfees toe.

Geniet die vakansie!



# DAGBOEK

**15/3**
Hokkie: Middelburg (tuis)

**16/3**
Hokkie, netbal & rugby: Middelburg (tuis)

**18/3**
Matriekraad: Inmenlokonsertoefening (Saal, 16:00 – 18:00)
Van Huyssteens Oratorsfees (Gala-aand)
**Beheerliggaamverkiesing: Ouditorium, 18:00**

**19/3**
Dogtershokkie: A-spanne en o. 19B-span (Garsfontein, tuis)
Musiek: Soirée (Saal, 18:30)

**20/3**
**Skool sluit: 09:15**

# MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.

Stuur navrae en gebedsversoeke gerus aan 082 579 4968.

**Teks: Psalm 71:3**

Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting.

# ALGEMEEN

### U stem tel

Die skool se beheerliggaamverkiesing vind op Maandag, 18 Maart om 18:00 in die Ouditorium plaas.

Elkeen van die 21 kandidate sal 'n kort spreekbeurt ontvang waartydens hulle hulleself aan die ouers sal bekendstel.

Meer inligting oor elke kandidaat is op die skool se webblad beskikbaar. Volg gerus die skakel.

#weesdaarweesdeel










# OMGEE

## Elke hond kry sy dag

Die rigting waarin die morele kompas wys, word bepaal deur die manier waarop 'n gemeenskap na sy diere omsien. Hierdie woorde van Mahatma Ghandi som die integriteit van 'n gemeenskap in een sin op. Dekades later gee Karen Zoid die volgende raad: "Reik jou hande na ander uit wanneer die lewe druk." Die punt op die Menlo-kalender waar Ghandi en Zoid se woorde mekaar ontmoet, is die dag waarop die Parkies *en masse* na Wollies vertrek om enersyds 'n bietjie moed te skep en andersyds 'n bietjie hoop te gee. 'n Bus vol Parkies het verlede week na Wollies vertrek om vir 'n oomblik van toetse, take en proewe te vergeet om die belange van die mees weerlose gediertes in die samelewing op die hart te dra. Aandag, hondekos en speelgoed is uitgedeel, terwyl liefde en aanvaarding ontvang is.

Baie dankie aan mnr. Willem Botha, Elrisha Ras (Parkieraad se omgeekomitee) en al die Parkies wat tyd vir hierdie spesiale geleentheid ingeruim het.









# MUSIEK

## Ligte. Strykstok. Aksie!

'n Crescendo van strelende klanke het vandeesweek die perfekte agtergrond vir die sewe musikulante (musiek + matriek) se eerste optrede van die jaar gevorm; een van die vereistes van 'n graad 12-PAT. Die optrede en dekor – goed genoeg vir die Oscars – het Hollywood-swier aan die geleentheid verleen en die gehoor kon hulle vir 'n oomblik verbeel dat hulle in die Dolby Teater is. Wat daarna gevolg het, was musikale vermaak en sekerlik punte uit die boonste rakke. Welgedaan, Matrieks!



# MUURBAL

## MMA se C-sterre skitter

Dit was 'n stryd tussen die MMA en die Eldo's. Sterre aan die een kant. Drake aan die ander kant. Daar was aksie, spanning en intrige – al die elemente van 'n spanningsverhaal. Die spelers, geklee in die volle muurbalwapenrusting en 'n bietjie ekstra bravade, het geweet dat die taak alles van hulle sou verg. Die valbyl was besluitloos: Swaai die guns na die MMA of die Eldo-drake? Na etlike wedstryde was dit Sebastiaan Swart se moeilike taak om 'n Menlo-agterstand uit te wis en die beste Eldo-speler die stryd aan te sê. Die sterre het dit nie voorspel nie, maar Dawid plant toe so wrintiewaar die uitklophou teen die opponente se nommer een. Welgedaan, MMA.










# SPORT


















## Ditsem, Menlo!

Die wintersportseisoen is uit die blokke en ons is dankbaar vir die sukses wat die spanne vandeesweek behaal het. Hier volg die uitslae:

### Menlo vs. Eldoraigne

#### Netbal

| | |
|---|---|
| 14A: 16-9 | 14B: 28-2 |
| 15A: 22-16 | 15B: 12-11 |
| 16A: 28-13 | 16B: 32-12 |
| 17A: 37-12 | 17B: 24-9 |
| Tweedes: 32-8 | Eerstes: 47-14 |

#### Hokkie

**Dogters**

| | | |
|---|---|---|
| 14A: 1-1 | 14B: 3-0 | |
| 15A: 1-1 | 15B: 5-0 | |
| 16A: 7-0 | 16B: 3-0 | |
| Derdes: 5-0 | Tweedes: 2-0 | Eerstes: 2-0 |

**Seuns**

| | |
|---|---|
| 14A: 5-0 | 16A: 0-0 |
| 16B: 3-1 | 16C: 6-0 |
| Tweedes: 3-1 | Eerstes: 3-2 |

#### Rugby

| | | |
|---|---|---|
| 14A: 24-5 | 14B: 20-12 | |
| 15A: 57-0 | 15B: 57-0 | |
| 16A: 48-14 | 16B: 62-7 | |
| Derdes: 12-16 | Tweedes: 21-10 | Eerstes: 25-19 |

### NWU-Hokkietoernooi (eerstespanne)

Dogters vs. NWU o. 21A: 0-7
Dogters vs. NWU o. 21B: 1-2
Dogters vs. Gimmies: 2-0
Dogters vs. Sasolburg: 2-1
Seuns vs. NWU o. 21A: 1-4
Seuns vs. St Andrews: 3-2
Seuns vs. Gimmies: 3-1
Seuns vs. Sasolburg: 6-2

### Menlo vs. Oos-Moot

#### Netbal

| | | |
|---|---|---|
| 14A: 27-7 | 14B: 27-4 | 15A: 19-25 |
| 15B: 29-9 | 16A: 31-17 | 16B: 25-12 |
| 17A: 27-5 | 17B: 37-6 | Tweedes: 18-10 |
| Eerstes: 43-15 | | |

#### Rugby

| | | |
|---|---|---|
| 14A: 22-20 | 14B: 12-19 | 15A: 19-20 |
| 15B: 7-26 | 16A: 61-6 | 16B: 52-5 |
| Derdes: 17-18 | Tweedes: 7-27 | Eerstes: 48-7 |

#### Hokkie

Menlo se hokkiespanne het uitstekend presteer en al die wedstryde teen Oos-Moot oortuigend gewen. #Menlotrots

Baie dankie aan die afrigters vir hulle bekwame leiding, spelers vir hulle toewyding en ouers vir hulle getroue ondersteuning. Die Insig sien saam met die Parkies na die seisoen uit.

# ATLETIEK

## Menlo maak skoonskip by AGN-kampioenskap

Die manne en meisies in blou, wit en rooi het die provinsiale kampioenskap vanjaar oorheers en met 'n geil medalje-oes van 43 na die Menlo-bodem teruggekeer: 14 goud, 20 silwer en 9 brons.

Hartlik geluk aan die afrigters onder leiding van mnr. JJ Smith en me. Lelanie van Wyk en die atlete met uitsonderlike prestasies:

### Goud

Werner Bezuidenhout (2)
Liné de Villiers
Megan Nieman
Teneal Craven
Nicolas Nieman
Joshua Gerber
Colene Scheepers
Rachel Schwulst
Taelyn Smith
Janelle Kirkpatrick
Alicia Khunou (2)
Chirsté Loedolff

### Silwer

Colene Scheepers (2)
Ané Pretorius
Llewellyn van Heerden
Rachel Schwulst
Janelle Kirkpatrick
Leskin Samuels
Aidan Erasmus (2)
Danielle Fourie
Rolandt Grosskopf (2)
Liné de Villiers
Niel Swanepoel
Isabella van der Merwe
Lu Chelle Breedt
Jaco van Wyk
Cellonika vd Berg (2)
Katelynn Blokpoel

### Brons

Llewellyn van Heerden
Jackie Coertze
Joshua Gerber
Ashlynn Nel
Erik Senekal
Lisa Pretorius
Zanta Lourens
Janelle Kirkpatrick
Danielle Fourie

Terwyl Menlo se beste baan- en veldatlete sake by die AGN-kampioenskap uitgespook het, was Menlo se langasems by **ASA se SA 10 km-kampioenskap** in aksie. Baie geluk aan die volgende atlete wat onder die voorste 25 langasems in die land tel:


Junior mans:
Johann Roelofse (5de)
Dante Raath (9de)
Leon Stoltz (23ste)

Junior vroue:
Mart-Marie Jordaan (3de)
Jackie Coertze (6de)
















# TENNIS

## Shocking. Positively shocking (Goldfinger, 1964)

Komaan, erken dit. Wanneer 'n mens aan 'n dobbeldorp soos Sun City dink, dink jy eers aan James Bond en Ocean's Eleven, dan aan die wêreldbekende Sun City Gholftoernooi en daarna aan die Menlo Mixit Tennistoernooi. Dit sal egter nie meer lank so wees nie, want die Parkie-tennissterre het die toernooi in egte Bond-styl verower en Menlo Mixit sal voortaan die eerste gedagte wees wanneer mense aan Sun City dink.

In die opponente se kamp is die woorde: "I'm sorry. That last shot nearly killed me (Casino Royale, 2006)" dikwels gehoor. Hulle het natuurlik die fout gemaak om te dink "We have all the time in the world (On Her Majesty's Secret Service, 1969)" om die Parkies te wen. Die Parkies kon dadelik antwoord met: "What makes you think this is my first time (Skyfall, 2012)," en die oorhand gekry, want "the Parkies never miss (The World Is Not Enough, 1999)". By tye was dit vir die teenstanders 'n kwessie van "I only need one (The Man With The Golden Gun, 1974), " maar hulle pogings was tevergeefs.

Aan die einde van die toernooi het die volgende woorde deur Sun City geëggo: "Dis Park. Menlopark."

Baie dankie aan Menlo-tennis vir 'n heerlike toernooi in die Sonstad. Hier volg die uitslae en spanne:

### Junior A: Naaswenners

Nina Jansen van Vuuren, Lisa Beyers, Nina Kloppers, Simoné van Zyl, Carmen Nel, Kelly Mostert, Victor Wentzel, Markus de Jager, Ruben Lourens & Johan Odendaal.

### Senior A: Wenners

Christiaan de Bruine, Joshua Smit, Stefan Jansen van Vuuren, Johan Bosch, Francois Zerwick, Megan Fourie, Celeste Klopper, Melissa Meyer, Mika Keet & Hymne Schutte.

### Senior B

Izabella van Wyk, Lizamé van Wyk, Karli Ligthelm, Aimee Swanepoel, Annika Kloppers, Ludwig van Ginkel, Jan-Hendrik Swanepoel, Hilmar Jansen, Jaden van der Westhuizen & Nicholas Pretorius.

Afrigters: Hendrik Coertzen, Conré Bergsma & Dewald Greyling.

Die **Gerrie Berner Dogterstoernooi** was vanjaar 'n stryd van die krygers, want die voorste skole in Suid-Afrika het almal in die Paarl afgeslaan om hulle skool se eer te verdedig. Hartlik geluk aan die Parkies wat hulle plek onder die top-10 in die land ingeneem het. Hier volg die uitslae en span:

Karina Pont, Mika Keet, Melissa Meyer, Carmen Nel, Megan Fourie, Jeanri Richter & Simoné van Zyl.

Afrigter: Hendrik Coertzen

### Uitslae:

1. Sekondêre Meisieskool Oranje
2. Paarl Girls High
3. Hoër Meisieskool Bloemhof
4. Paarl Gimnasium
5. AHMP
6. Prokennex Uitnodigingspan
7. Hoërskool Waterkloof
8. Potchefstroom Gimnasium
9. Hoërskool Menlopark
10. Hoërskool Stellenbosch
11. Helpmekaar
12. Eunice










DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLO-OPEDAGPROGRAM
15 APRIL 2024
14:00
Besoekers arriveer op Menlo-bodem
Parkering in Rosemaryweg of op die B- en C-rugbyvelde
(Toegang via die Rosemary-sporthek)
14:29
Opedag begin in die Menlo-amfiteater
Program aangebied deur Menlo-leerders
15:15 - 16:50
Laerskoolleerders volg die Menlo-rooster en beleef MEER by MENLO
15:20
Ouers geniet 'n Menlo-toer en Menlo-koffie -
'n ware Menlo-voorsmakie
16:20
Ouers ontmoet ons nuwe hoof en gesoute adjunkhoof op die pawiljoen
16:50
Laerskoolleerders sluit by die pawiljoen aan
Volg die skakel vir Menlo se
interne registrasie
Menlopark
Ons help graag met die GDO se aanlyn registrasie wat later volg

# MARKPLEIN


JPF AESTHETIC
Studios
— MENLO —
Drop the razor
Start thinking
laser!
Full legs - ONLY R2800
Bikini - ONLY R690
Underarms - ONLY R490
Contact us to find out about
our package discounts!!!
Pain FREE
Quick
All skin types
Beard & Eyebrow shaping
jpf_aesthetic_studios
JPF Aesthetic Studios
408 Lynwood Road, Isa Carstens Academy - Ground
Floor, entrance in Rosemary Road, Pretoria, South Africa
info@jpfaestheticstudios.co.za
www.jpfaestheticstudios.co.za
+27 60 041 8908
+27 12 004 0577
Scan the QR code to view our pricelist


TOYOTA
LEAD THE WAY
STAAN 'N KANS OM
NUWE VITZ
TE WEN!
DIENS OF KOOP NUWE/GEBRUIKTE VOERTUIG
BY NMI TOYOTA MENLYN
VANAF 1 MAART TOT EN MET 30 JUNIE 2024
VITZ
Colette Nel
New Cars Sales Executive
082 821 4252
TERMES EN VOORWAARDES GELD | PRENTE WORD SLEGS VIR ILLUSTRATIEWE DOELEINDES GEBRUIK
NMi



RAATH & SPIES
PHYSIOTHERAPISTS
PR NR 0764701

SPECIAL INTERESTS:

- Sports & Orthopaedic Conditions
- Headaches & TMJ Dysfunctions
- Back & Pelvic Girdle Pain
- Ultrasound and Shockwave therapy available
- Core Strengthening
- Respiratory Rehabilitation

Pelvic Girdle Dysfunctions:

- Men's & Woman's Health Conditions
- Incontinence
- Pelvic Floor Muscle Strengthening
- Sexual Pain & Dysfunction Conditions

Hazeldean Office Park
687 Silver Lakes Road,
Avocet Corner, Ground Floor
Unit 6, Silver Lakes
Practice Cell: 084 804 5508
Email: raathandspiesphysios@gmail.com

Cecilia Raath • Marele Spies • Annika Vermaak










TAU | SLOW LEATHER CO

# Volg gerus die skakel na TAU.







| | |
|---|---|
| Sjokolade Kolwyntjies met sjokolade versiersel | x6 R100<br>x12 R180 |
| Sjokolade Splinterkoekies (choc chip) | x6 R50<br>x12 R100 |
| Bruintjies (Brownies) | x12 R85 |
| Bruintjies (Brownies) – glu-tenvry | x12 R100 |
| Piesangbrood | R55 |
| *Tuisgebak met regte botter en kwaliteit bestanddele*<br>**Plaas bestellings minstens 2 dae voor die tyd**<br>**Klara 066 222 4446** | |

